

1 Augustus 2021

Hoërskool Kategese

Familiekerk
NG Hottentots-Holland
Dissipels van Jesus

nouts
praktiese wysheid...



Efesiërs 4:1-16

wat wil jy vandag bereik?

Paulus skryf vir mense wat besig is om te leer wat dit beteken om Jesus te volg.

Hy gebruik die beeld van 'n liggaam wat verskillende dele het MAAR al die dele is verbind aan mekaar.

Verskillende dele het verskillende funksies MAAR werk uiteidelik saam vir een doel.

Die gesondheid van die liggaam hang af van die gesondheid van die verskillende dele EN die samewerking tussen dele.

Ter wille van gemeentes
wat gewoon is aan die ritme
van Kontak-kategese,
plaas ons in hakies
hoe dit in daardie raamwerk inpas.

Besef egter asb. dat NOUS weggestap het van Kontak-kategese. NOUS se kategese-model is steeds gebaseer op Groome se model, maar ons het dit verder ontwikkel sodat dit makliker in gemeentes toegepas kan word.

Gemeentes is welkom om lede van die NOUS span te nooi om opleiding rondom hierdie metodiek te kom aanbied.

ons storie: ysbreker (hier en nou)

Dit is Olimpiese spele in Tokyo.

Dit is 'n fees van sport en 'n hoogtepunt vir elke deelnemer.

Gesels oor wat julle al gesien en geniet het van die spele.

Weet enige iemand hoeveel tyd, geld en toewyding dit vra van iemand om te vorder toto by die spele en dan 'n medalje te wen?

Dit vra alles van 'n deelnemer om seker te maak hulle is gereed vir die spele. Hulle deelname beïnvloed elke deel van hulle lewe.

Hulle totale fokus is die spele en om daar deel te neem.

word stil

Psalm 51:1-12 is 'n gebed wat mens kan bid wanneer jy vir God wil vra om jou te vergewe. Lees / Bid dit saam as julle groep vandag so 'n behoefte het.

GOD se storie wat sê die Bybel (daar en dan)

lees Efesiërs 4:1-16 saam as 'n groep

As daar tyd is, kan elkeen dit daarna weer op sy/haar eie tyd lees.



gesels dan oor die volgende saam

Noem enige iets uit die gedeelte wat jou geraak het.
Of enige vrae wat jy nou het.

Olimpiese atlete doen alles in hulle vermoë om seker te maak dat hulle liggaam gereed is vir die sport waaraan hulle moet deelneem.

Mens sou kon sê hulle lewensstyl moet in ooreenstemming wees met hulle visie of doelwit vir hulle lewe.

Paulus verduidelik dat mense wat Jesus volg op 'n sekere manier lewe.

Hoe dink jy lewe iemand wat Jesus volg?

Lees gerus wat sê Ef 4:2 daaroor.

'n Sport persoon oefen verskillende dele van hulle liggaam, sodat die verskillende dele kan saamwerk wanneer hulle deelneem.

Navolgers van Jesus is ook so 'n liggaam wat verskillend, maar saam... een maar nie eenders nie.

Wat kan ons in hierdie teks hieroor leer?

Hoe kan jy groei in jou geloof?

OF anders gestel:

Hoe kan jy vir Jesus navolg?

ons nuwe storie

Hoe ons nuut, dink, doen en leef
in die wêreld rondom ons. Verder en Voor

Vra jouself elke dag die week af:

Hoe het ek vandag vir **God** liefgehad?

Hoe het ek **ander** (nie jou vriende of familie nie) liefgehad?

Wat kan ons prakties doen om seker te maak ons lewensstyl stem ooreen met mense wat Jesus volg? (mense wat deur God geroep is)

na die erediens

As julle groep na die erediens bymekaarkom
waarin die teks hanteer is

Noem enige iets uit die prediking wat
jou geraak het of wat jy nie verstaan
nie.

Wat dink julle was die hoofgedagte?
Kan julle dit in een sin opsom?

bid vir mekaar

Is daar enige iets waarvoor die groep vir jou kan bid?

Onthou julle nog die ABC van gebed?

Aanbidding

"Here, ek aanbid U, want..."

Belydenis

"Here, vergewe my vir..."

Voorbidding

"Ek bid vandag vir..."

Danksegging

"Dankie, vir..."

Eie behoeftes en toewyding

